# RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE VROU IN DIE HOËR INKOMSTEGROEP TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES

J M M MEYER

2002

# RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE VROU IN DIE HOËR INKOMSTEGROEP TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES

**JACOBA M.M. MEYER**

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

Leier: Dr. A.A. Roux

Medeleier: Prof. H. Strydom

Potchefstroom

November 2002

## DANKBETUIGINGS

*Alle eer en waardering aan my Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie navorsing te onderneem en voltooi.*

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie.

In die besonder dank aan

- Dr. Adrie Roux - altyd vriendelik, behulpsaam en bemoedigend
- Die PUK, my alma mater - daar is geen ander soos jy nie
- Mev. Doepie de Jongh - vir die bekwame en akkurate tikwerk
- Mev. D. Brits - vir die taalversorging

## INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding ..... 1

2. Probleemstelling ..... 1

3. Doelstelling ..... 3

4. Sentrale teoretiese stelling ..... 4

5. Navorsingsmetodologie ..... 4

5.1 Literatuurstudie ..... 4

5.2 Empiriese ondersoek ..... 5

5.2.1 Navorsingsontwerp ..... 5

5.2.2 Deelnemers ..... 5

5.2.3 Meetinstrumente ..... 5

5.2.4 Prosedure ..... 5

5.2.5 Etiese aspekte ..... 6

5.2.6 Dataverwerking ..... 6

6. Beperkings en leemtes van die ondersoek ..... 6

7. Resultate ..... 7

7.1 Die profiel van die respondente ..... 7

7.1.1 Geslag en bevolkingsgroep ..... 7

7.1.2 Kerkverband ..... 7

7.1.3 Ouderdom ..... 8

7.1.4 Akademiese kwalifikasie tydens huweliksluiting en tot op hede ..... 8

7.1.5 Beroep tydens huweliksluiting en beroep van eggenoot ..... 9

7.1.6 Huidige beroep ..... 9

7.1.7 Huidige persoonlike inkomste ..... 10

7.1.8 Inkomste uit onderhoud van gewese eggenoot ..... 10

7.1.9 Aard van woonplek ..... 11

7.1.10 Gegewens oor huweliksluiting ..... 11

7.1.11 Inligting oor kinders ..... 11

7.2 Huweliksvoorbereiding, -verryking en -berading ..... 12

7.3 Finansiële onafhanklikheid ..... 13

7.4 Die egskeidingsproses ..... 14

7.4.1 Die huweliksverhouding van die eie ouers en skoonouers ..... 14

7.4.2 Vernaamste redes vir die mislukking van die huwelike ..... 14

7.4.3 Die waarneming van 'n "keerpunt" in die egskeidingsproses ..... 16

7.4.4 Die voorkoms van depressie en selfmoordgedagtes tydens die egskeiding ..... 18

7.4.5 Professionele hulp en die voorkeur van verskillende dissiplines ..... 18

7.4.6 Geestelike belewing tydens die egskeidingsproses ..... 20

7.4.7 Lewenslesse geleer uit die egskeidingsproses ..... 21

7.4.8 Ander verhoudinge na die egskeiding ..... 23

8. Bespreking ..... 24

9. Gevolgtrekking ..... 28

10. Aanbevelings ..... 31

11. Samevatting ..... 31

12. Bronnelys ..... 33

13. Bylaag I ..... 36

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Kerkverband ..... 7

Tabel 2: Ouderdom ..... 8

Tabel 3: Akademiese kwalifikasie ..... 8

Tabel 4: Beroep ..... 9

Tabel 5: Persoonlike inkomste ..... 10

Tabel 6: Inkomste uit onderhoud ..... 10

Tabel 7: Huweliksberaad ..... 12

Tabel 8: Redes vir egskeiding ..... 15

Tabel 9: Ondersteuning verkry van ander ..... 17

Tabel 10: Professionele hulp ontvang ..... 19

Tabel 11: Voorkeure vir professionele hulpverlening ..... 20

## OPSOMMING

***Sleutelterme: Maatskaplikewerkhulpverlening, vrou, hoër inkomstegroep, egskeidingsproses***

Die toenemende verskynsel van egskeiding wêreldwyd en ook in Suid-Afrika is 'n aanduiding van die omvangryke probleem en die taak wat hulpverleners in hierdie verband het. Egskeiding is 'n traumatiese gebeurtenis vir al die partye daarby betrokke en kom in alle inkomste groepe in die samelewing voor. 'n Behoefte aan hulpverlening word meestal deur alle persone wat deur egskeiding geraak word, ervaar.

Dit wil voorkom asof vroue dikwels nie voor of tydens die huwelik voorsiening maak vir emosionele, finansiële of geestelike onafhanklikheid nie. Dit is dan ook die vrou in die hoër inkomstegroep wat dikwels op die man se beroep en inkomste gesteun, en derhalwe finansieel van die man afhanklik was en as tuisteskepper gefunksioneer het, wat hulpverlening tydens die egskeidingsproses benodig. Dit blyk dat juis hierdie groep vroue slegs die hulp van prokureurs verlang en weens die vrees vir moontlike stigmatisering, wegskram van ander professionele hulpverlening.

In hierdie ondersoek is die probleme wat vroue in die hoër inkomstegroep tydens die egskeidingsproses ervaar, bepaal. Daar is gelet op die tekortkominge ten opsigte van maatskaplikewerk-intervensie in hierdie verband. Ten einde die probleme te verstaan, is ook die aanleidende omstandighede en oorsaaklikheid ondersoek.

## SUMMARY

***Key words: Social work intervention, woman, higher income group, divorce process***

The increasing incidence of divorce worldwide and also in South Africa, is an indication of the scope of the problem and the task that social workers and other professionals have in this regard. Divorce is a traumatic event for all the parties involved and occurs in all income groups of the community. Most people who are affected by divorce experience a need for therapeutic involvement.

It is especially the woman in the higher income group who often rely on the husband's profession and income, and who was financially dependant on the husband whilst she was the homemaker, who needs professional help. It is nevertheless clear that whilst this group of women would seek the help of the best divorce attorney, they would not, because of the possibility of stigmitation, seek the help of a professional divorce counsellor. This study seeks to determine the problems that women in the higher income group experience during the divorce process, and to point out the shortcomings relating to social work intervention.

It would appear that women often do not make provision for financial, emotional and spiritual independence before and during their marriage.

## VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA(MW). Die artikel sal aan die vereistes van een van die vaktydskrifte vir maatskaplike werk, getitel *Die Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn / The Social Work Practitioner-Researcher voldoen.* **Die manuskrip vorm 10% van die totale kursuspunt**.

Riglyne vir outeurs soos deur hierdie tydskrif gestel, word hierna weergegee.

## RIGLYNE AAN OUTEURS

Die *Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn* is 'n interdissiplinêre tydskrif wat handel oor die metodes en praktyk van hulpverlening aan indiwidue, gesinne, klein groepe, organisasies en gemeenskappe. Die praktyk van professionele hulpverlening dui breedweg op die toepassing van doelgerig ontwerpte ingrypingsprogramme en prosesse in probleme van indiwiduele en samelewingsbelang, insluitende die implementering en evaluering van maatskaplike beleid.

Die tydskrif dien as middel vir die publikasie van oorspronklike verslae oor kwantitatief georiënteerde evalueringstudies; verslae oor die ontwikkeling en geldigheid van nuwe takseermetodes vir die praktyk; empiriese gebaseerde kritiek op literatuur van waarde vir die praktyk; teoretiese en konseptuele artikels van praktykimpak; kwalitatiewe ondersoek wat die praktyk inlig; en nuwe ontwikkelings op die gebied van georganiseerde navorsing. Alle empiriese artikels moet aan aanvaarde standaarde van wetenskaplikheid, toepaslikheid en objektiwiteit of bevestigbaarheid voldoen.

Die keuring van artikels vind op 'n blinde-portuurgroepbasis plaas. Outeurs kan verwag om binne drie maande na ontvangs in kennis gestel te word van die besluit van die redaksie. Manuskripte en 'n opsomming moet in drievoud gestuur word aan **Die Redakteur, Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn,** Posbus 524, Aucklandpark, 2006. Artikels moet dubbelgespasieerd getik wees, met tabelle en figure op aparte bladsye. Die manuskrip behoort die riglyne van die *Publication Manuel of the American Psychological Association,* 4de uitgawe, te volg.

Die finale hersiene manuskrip moet op 'n IBM-versoenbare disket voorsien word in MS Word-formaat, of per elektroniese pos gestuur word aan wam@w.rau.ac.za. Outeurs moet manuskripte nie gelyktydig by ander tydskrifte inhandig nie, en ook nie gepubliseerde manuskripte in dieselfde of soortgelyke formaat inhandig nie. Bladgelde is betaalbaar deur outeurs voor publikasie.

# RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE VROU IN DIE HOËR INKOMSTEGROEP TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES

**J.M.M. Meyer, A.A. Roux en H. Strydom**
**Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe,**
**Potchefstroomse Universiteit vir CHO,**
**Potchefstroom 2520**

**Korrespondensie moet geadresseer word aan:**
**Dr. A.A. Roux**
**Skool vir Psigo-Sosiale gedragswetenskappe**
**Vakgroep Maatskaplike Werk**
**PU vir CHO**
**Privaatsak X6011**
**Potchefstroom**
**2520**

E-pos adres: mwkaar@puknet.puk.ac.za

# RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE VROU IN DIE HOËR INKOMSTEGROEP TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES

Me. J.M.M. Meyer, dr. A.A. Roux en prof. H. Strydom (Skool vir Psigo-sosiale Gedragswetenskappe, Potchefstroomse Universiteit vir CHO).

## 1. INLEIDING

Egskeiding is wêreldwyd 'n wesenlike probleem (Benokraitis, 1996:453). Volgens die Sentrale Statistiekdiens se bekendmaking in Oktober 1996 (Delport, 2001:1) is 133 300 huwelike in 1994 in Suid-Afrika gesluit. In dieselfde jaar is 29 900 egskeidings toegestaan. Dit verteenwoordig 22,4% van die aantal huwelike wat gesluit is. Volgens Jonker (1998:14) was daar gedurende 1995 32 500 egskeidings, in 1996 32 570 egskeidings, en in 1997 34 788 egskeidings - dus 'n styging van 8,91% vanaf 1995 tot 1997. Strong, De Vault en Sayad (1998:490) beweer dat elke persoon wat tans in die huwelik tree 'n vyftig, vyftig persent kans het om later te skei. Hierdie situasie lei dikwels daartoe dat persone bang is om hulle tot 'n huwelik te verbind. Stacey (1996:11), 'n sosioloog, beweer dat progressiewe realisme aan die dag gelê moet word as dit by huweliksprobleme en egskeiding kom. Sy beklemtoon verder dat die kontemporêre gesinslewe nóg maklik, nóg probleemvry is.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat ten spyte van idealistiese verwagtinge en volgehoue professionele berading, baie huwelike nie gered kan word nie. Hierdie verbrokkeling van die huwelik lei tot egskeiding.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Egskeiding en die egskeidingsproses is vir beide die man en die vrou asook vir die kinders traumaties (Cronje, 1997:20). Dit het gevolge waarop die egpaar nie altyd voorbereid is nie, soos die versteuring van die ouer-kind-verhouding, verlies van

emosionele ondersteuning en ekonomiese ontberinge (Delport, 2001:2). In hierdie verband sê Strong *et al.* (1998:496) die volgende: "Divorce is not a single event ... It is a far more complicated process". Hierdie proses word deur verskillende fases gekenmerk soos die emosionele, psigiese, wetlike, ekonomiese, mede-ouerlike en gemeenskapskeiding (Van Staden, 1987:51-150). Dié fases van die egskeidingsproses gaan met verskillende gevoelens gepaard. Hierdie gevoelens hou verband met die noodsaaklike rouproses waardeur die gesinslede en dan veral ook die vrou beweeg. Dit sluit gevoelens in van onder andere skok, ontkenning, woede, onderhandeling, hartseer, aanvaarding, en die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit of die herontdekking van die oorspronklike (Kleinke, 1998:131). Dit is met die verwerking van hierdie gevoelens waarmee die egpaar meestal hulpverlening benodig (Silverman, 1989:142).

Die egskeidingsproses is gelaai met nuwe aanpassings wat deur beide die man en die vrou gemaak moet word. In hierdie verband beweer Anderson en Sabatelli (1999:287) die volgende: "The degree of crisis that emerges when one parent moves out of the home depends on how well members adjusted to the realization that the marriage has come to an end". Ten einde hierdie proses te laat realiseer tot voordeel van die egliede, moet psigiese skeiding eers plaasvind (Delport, 2001:44; Van Staden, 1987:8). Dit is veral ook tydens hierdie fase waarin die man, maar veral ook die vrou, die hulp van professionele persone benodig om hom of haar te help met hierdie aanpassing. Dit is meestal die vrou in die hoër inkomstegroep wat in baie gevalle finansieël van die man afhanklik was en dikwels as tuisteskepper moes funksioneer, wat hierdie hulpverlening benodig.

Tydens die egskeidingsproses moet die partye professioneel bygestaan word. In hierdie verband speel sielkundiges, maatskaplike werkers en predikante 'n vername rol in huweliksterapie (Delport, 2001:135). Vroue in die hoër inkomstegroep sal volgens die mening van die ondersoeker hoofsaaklik van die dienste van sielkundiges en predikante gebruik maak. Hulle sal egter nie geredelik van die dienste van maatskaplike werkers gebruik maak nie. Die maatskaplike werker het egter 'n belangrike taak ten opsigte van egskeidingsterapie (Bergh, 1998:102).

Die maatskaplike werker kan deur middel van individuele en groepterapie 'n noodsaaklike rol speel tydens hulpverlening aan hierdie vroue. Aspekte soos finansiële onafhanklikheid, die suksesvolle verwerking van verskillende emosies, die gebruikmaking van ondersteuningsgroepe, die herstel van die selfbeeld en eie identiteit, die vestiging van 'n nuwe beroep en die verhuising na, en die inskakeling by 'n nuwe gemeenskap, is aspekte wat tydens maatskaplikewerkhulpverlening hanteer kan word.

Die Nexus en Magnet Databasisse toon dat baie navorsing oor egskeiding gedoen is, en daar sal sekerlik baie meer in die toekoms gedoen word. Egskeiding is 'n tendens wat gekom het om te bly. Navorsing handel egter dikwels oor 'n enkele aspek van egskeiding soos dienslewering aan kinders van geskeide ouers (Berg, 1998), of die ondersoek wat deur Krisnan (1994:21) gedoen is oor die invloed van die vrou se werksituasie op haar houding jeens egskeiding. Daar is egter baie min navorsing gedoen oor hulpverlening aan die vrou en dan veral aan die vrou in die hoër inkomstegroep tydens die egskeidingsproses. Hierdie navorsing het op laasgenoemde gefokus.

Vanuit die voorafgaande het die volgende vrae ontstaan:

- Hoe ervaar die vrou in die hoër inkomstegroep die egskeidingsproses en watter omstandighede het voor en tydens die huwelik aanleiding gegee tot die probleme wat sy ervaar?

- Watter riglyne kan aan die maatskaplike werker gegee word ten opsigte van hulpverlening aan die vrou in die hoër inkomstegroep tydens die egskeidingsproses?

## 3. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die ondersoek was:

- om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing, ondersoek in te stel na die wyse waarop die vrou in die hoër inkomstegroep die egskeidingsproses ervaar;

- om riglyne aan die maatskaplike werker te gee ten opsigte van doeltreffende hulpverlening aan die vrou in die hoër inkomstegroep tydens die egskeidings-proses.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Vroue in die hoër inkomstegroep kan tydens die egskeidingsproses doeltreffende hulpverlening van die maatskaplike werker ontvang.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen oor die egskeidingsproses met besondere verwysing na probleme wat die vrou, en in die besonder die vrou in die hoër inkomstegroep, ervaar. 'n Studie van die hulpverleningsprosesse is ook onderneem. Die taak van die maatskaplike werker tydens die hulpverleningsproses is bestudeer.

Die volgende databasisse is in die Ferdinand Postma Biblioteek van die PU vir CHO geraadpleeg:

NASIONAAL

- Biblioteekkatalogus; Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels; en
- GKPV (Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelings van Suid-Afrikaanse Universiteite).

INTERNASIONAAL

- Social Sciences Index; Social Sciences Citation Index; Social Work Abstracts; en PsycLIT; ERIC; Magnet; NEXUS.

## 5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.2.1 Navorsingsontwerp

Tydens hierdie ondersoek is van die opname prosedure gebruik gemaak (Huysamen, 1993:108-110). Ludy (1993:139) sê die volgende oor die opnameprosedure: "All data, all factual information, all human knowledge must ultimately reach the researcher either as words or numbers". Elke skedule is deur die navorser voltooi tydens 'n persoonlike onderhoud met die proefpersoon. Murray en Sixsmith (1998:105) en Strydom (1999:120) onderskei tussen drie tipes navorsingsonderhoude, naamlik die nie-gerigte of ongestruktureerde onderhoud, die gerigte onderhoud en die formeel-gestruktureerde onderhoud. In hierdie ondersoek is die formeel-gestruktureerde onderhoud benut.

### 5.2.2 Deelnemers

Daar is van 'n toevallige steekproef bestaande uit 14 deelnemers gebruik gemaak. Die sneeubalmetode is gebruik soos beskryf in De Vos *et al.* (1998:200). Vroue in die hoër inkomstegroep wat geskei is uit die Pretoria-Oos voorstede is ingesluit.

### 5.2.3 Meetinstrumente

Tydens hierdie ondersoek is van 'n gestruktureerde, selfopgestelde skedule gebruik gemaak (kyk Bylaag 1). Deur middel van hierdie skedule is daar op 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe wyse inligting ingewin. Dit is aan deskundiges voorgelê, en die voorkomsgeldigheid daarvan is verseker.

### 5.2.4 Prosedure

Die skedule is deur die ondersoeker ingevul tydens 'n persoonlike onderhoud wat met elke proefpersoon individueel gevoer is. Die skedule sluit in die identifiserende besonderhede en agtergrondsgegewens van die persoon, asook vrae ten opsigte van die belewing van verskillende aspekte van die egskeidingsproses. Die vrae is dus beide kwalitatief en kwantitatief. Ruimte is gelaat vir finale opmerkings deur die

ondersoeker en/of die proefpersoon. Direkte aanhalings van proefpersone dui op interessante en betekenisvolle gewaarwordinge.

### 5.2.5 Etiese aspekte

Volgens Strydom (2002:22) verwys professionele etiek na die beginsels wat veronderstel is om die regte en verantwoordelikhede van navorsers en praktisyns in maatskaplike werk, in hul verhouding met mekaar en met ander partye, insluitende werkgewers, proefpersone, kliënte en studente te verseker. Etiese riglyne beskerm die respondente en die maatskaplike werkers, gee riglyne aan data wat ingesamel word en rig optrede na aanvaarbare en betekenisvolle doelstellings.

Die belangrikste etiese kwessies wat tydens die ondersoek in gedagte gehou is, was vrywillige deelname, ingeligte toestemming, vermyding van emosionele skade aan proefpersone, geen kompensasie is aangebied nie, privaatheid is nie geskend nie, vertroulike inligting is as anoniem vir enige buitestaanders beskou, vertroulikheid is gehandhaaf, en geen misleiding van proefpersone het plaasgevind nie.

### 5.2.6 Dataverwerking

Data van die selfopgestelde skedule is deur die ondersoeker self verwerk.

## 6. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Om te voldoen aan die wetenskaplike vereistes van navorsing word die volgende beperkings en leemtes uitgelig:

- Daar is aangedui dat ongeveer 20 proefpersone by die steekproef betrek sou word. Daar is volstaan met 14. Die sneeubalmetode wat gebruik is, het nie meer kandidate opgelewer nie omdat vroue bang is vir blootstelling.

- 'n Verdere voorwaarde was dat die vroue vir nie langer as 2 jaar geskei moes wees nie. By 50% van die proefpersone was die tydperk na egskeiding langer. Hierdie ondersoek het gegaan oor die belewing van die egskeidingsproses en

het hierdie leemte dus nie 'n betekenisvolle verskil gemaak aan die eindresultate en bevindinge nie.

- Net geskeide vroue uit Pretoria-Oos is by die ondersoek betrek, al maak die ondersoek nie aanspraak op die veralgemeenbaarheid nie.

# 7. RESULTATE

Die respondente het uit 14 (N=14) blanke geskeide vroue in die hoër inkomstegroep, wat in Pretoria-Oos woonagtig is, bestaan.

## 7.1 DIE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE

### 7.1.1 Geslag en bevolkingsgroep

Al die respondente (14 = 100%) was vroulik en uit die blanke bevolkingsgroep.

### 7.1.2 Kerkverband

**Tabel 1: Kerkverband**

| KERK | N | % |
|---|---|---|
| NG, Geref, Herv | 9 | 64,29 |
| AGS | 1 | 7,14 |
| Charismaties | 3 | 21,43 |
| Rooms-Katoliek | 1 | 7,14 |
| **TOTAAL** | **14** | **100,00** |

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die grootste persentasie 64,29% (9) van die respondente lidmate van die drie susterskerke is.

### 7.1.3 Ouderdom

**Tabel 2: Ouderdom**

| OUDERDOM IN JARE | N | % |
|---|---|---|
| 20-29 | 1 | 7,14 |
| 30-39 | 1 | 7,14 |
| 40-49 | 7 | 50,00 |
| 50-59 | 3 | 21,44 |
| 60 en ouer | 2 | 14,28 |
| **TOTAAL** | **14** | **100,00** |

Volgens bogenoemde gegewens is die grootste aantal respondente 12 (85,72%) veertig jaar en ouer.

### 7.1.4 Akademiese kwalifikasie tydens huweliksluiting en tot op hede

Tien (72,43%) van die respondente het akademiese opleiding na matriek gehad.

Slegs een vrou is tans besig met nagraadse opleiding.

**Tabel 3: Akademiese kwalifikasie**

| KWALIFIKASIE | N | % |
|---|---|---|
| Matriek | 4 | 28,57 |
| Diploma | 6 | 42,86 |
| Graad | 4 | 28,57 |
| **TOTAAL** | **14** | **100,00** |

### 7.1.5 Beroep tydens huweliksluiting en beroep van eggenoot

Op 'n vraag of respondente 'n beroep tydens hulle huwelik beoefen het, het 2 (14,29%) van die respondente aangedui dat hulle tuisteskeppers was. Twaalf (85,71%) van die respondente het vir 'n gemiddelde tydperk van elf jaar tydens hulle huwelik gewerk.

Sewe (50%) van die respondente se eggenotes was in 'n professionele beroep en 7 (50%) in ander beroepe.

### 7.1.6 Huidige beroep

**Tabel 4: Beroep**

| BEROEP | N | % |
|---|---|---|
| Student en tuisteskepper | 1 | 7,14 |
| Voltydse beroep | 10 | 71,43 |
| Tuisteskepper | 3 | 21,43 |
| **TOTAAL** | **14** | **100,00** |

Uit die voorafgaande tabel is dit duidelik dat 10 (71,43%) van die respondente tans 'n voltydse beroep beoefen, 3 (21,43%) is tuisteskeppers en 1 (7,14%) 'n voltydse student en tuisteskepper.

### 7.1.7 Huidige persoonlike inkomste

**Tabel 5: Persoonlike inkomste**

| EIE INKOMSTE | N | % |
|---|---|---|
| Geen inkomste | 3 | 21,42 |
| R30 000 en minder per jaar | 2 | 14,29 |
| R31 000 – R60 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| R61 000 – R90 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| R91 000 – R120 000 per jaar | 3 | 21,42 |
| Bo R120 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| **TOTAAL** | **14** | **100,00** |

Slegs 2 (14,29%) van die respondente verdien R120,000 en meer uit eie verdienste, terwyl 7 (50%), R60,000 en minder per jaar verdien. Drie (21,42%) van die respondente se inkomste bestaan slegs uit onderhoud van hul gewese eggenoot.

### 7.1.8 Inkomste uit onderhoud van gewese eggenoot

**Tabel 6: Inkomste uit onderhoud**

| INKOMSTE UIT ONDERHOUD | N | % |
|---|---|---|
| Geen | 8 | 57,13 |
| Minder as R30 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| R30 000 – R60 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| Bo R120 000 per jaar | 2 | 14,29 |
| **TOTAAL** | 14 | 100,00 |

Uit die bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die meeste naamlik 8 (57,13%) van die respondente geen onderhoud ontvang nie.

### 7.1.9 Aard van woonplek

Tien (71,43%) van die respondente besit hulle eie woning teenoor 4 (28,57%) wat 'n woning huur.

Agt (57,13%) van die respondente woon in meenthuise, 5 (35,73%) in 'n huis en 1 (7,14%) in 'n woonstel.

### 7.1.10 Gegewens oor huweliksluiting

Die gemiddelde ouderdom van die vrouens tydens huweliksluiting was 22 jaar en die van die mans 23 jaar.

Elf (78,57%) van die respondente het as hoofrede waarom hulle in die huwelik getree het, aangedui dat hulle alle aspekte oorweeg het en oortuig was dat dit hul regte huweliksmaat is.

Ses (42,86%) van die respondente was twintig jaar en minder getroud met hul egskeiding, 5 (35,71%) tussen twintig en dertig jaar en 3 (21,43%) een-en-dertig jaar en langer.

### 7.1.11 Inligting oor kinders

Die respondente was gemiddeld twee jaar getroud met die geboorte van hulle eerste kind. Met egskeiding was:

6 egpare se kinders reeds onafhanklik;

6 egpare se kinders woonagtig by die moeder;

1 egpaar se kinders woonagtig by die vader;

1 egpaar kinderloos.

## 7.2 HUWELIKSVOORBEREIDING, -VERRYKING EN -BERADING

Op 'n vraag aan die respondente of hulle enige huweliksvoorbereiding gehad het, het 11 (78,57%) negatief geantwoord.

Op 'n verdere vraag of huweliksvoorbereiding volgens hulle van waarde is, het slegs 1 (7,14%) bevestigend geantwoord.

Huweliksverrykingskursusse is deur 10 (71,43%) van die respondente bygewoon. Slegs 1 (7,14%) respondent se eggenoot het dit saam met haar bygewoon.

Op 'n vraag watter waarde hierdie kursusse vir hulle gehad het, het hulle aangedui dat dit 'n baie geringe waarde gehad het, aangesien hul eggenote dit nie saam met hulle bygewoon het nie. Die 4 (28,57%) respondente wat nie 'n huweliksverrykingskursus bygewoon het nie, was almal van mening dat so 'n kursus nie hul egskeiding sou voorkom het nie.

Agt (57,14%) van die respondente was vir huweliksberaad om 'n egskeiding te probeer voorkom. Huweliksberaad is deur verskillende professionele persone aan hulle gelewer soos uiteengesit in Tabel 7. Van die respondente het van meer as een dissipline gebruik gemaak.

**Tabel 7: Huweliksberaad**

| HUWELIKSBERAAD | N | % |
|---|---|---|
| Predikant | 3 | 18,75 |
| Sielkundige | 6 | 37,50 |
| FAMSA | 1 | 6,25 |
| Maatskaplike werker | 1 | 6,25 |
| Pastorale berader | 4 | 25,00 |
| Psigiater en seksuoloog | 1 | 6,25 |
| **TOTAAL** | **16** | **100,00** |

Uit bogenoemde gegewens het die grootste aantal respondente, naamlik 6 (37,50%) van die hulp van 'n sielkundige tydens huweliksberaad gebruik gemaak.

Slegs 1 (6,25%) respondent het van die hulp van FAMSA en 1 (6,25%) van die hulp van 'n maatskaplike werker gebruik gemaak.

Twee respondente het van beide 'n predikant en sielkundige gebruik gemaak.

Volgens 7 (87,50%) van die 14 respondente het huweliksberading vir hulle geen waarde gehad nie. Die redes wat deur hulle aangevoer word, is:

- Die behandelingsmodel by sielkundiges is voorspelbaar en volg dieselfde patroon.
- Berading was baie oppervlakkig, met geen geestelike diepte nie.
- Berading het dikwels nie by die kern van die probleem uitgekom nie, en het min leiding gegee ten opsigte van die wyse waarop probleme hanteer kan word.
- Predikante is oor die algemeen beleef eerder as selfgeregtig en veroordelend.

### 7.3 FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID

Tien (71,43%) van die respondente was op huweliksvoorwaarde getroud.

Sewe (50%) van die respondente het oor hul eie afsonderlike bankrekenings beskik. Slegs 1 (7,14%) van die respondente het 'n afsonderlike spaarrekening tydens haar huwelik gehad waarin sy voorsiening vir die toekoms gemaak het.

In hierdie ondersoek het 8 (57,14%) van die 14 respondente aangedui dat hulle graag hul kwalifikasie sou wou verbeter, maar nie oor die nodige fondse beskik nie en kan, as primêre broodwinners, nie die tyd daarvoor afstaan nie. Soos reeds gemeld is slegs 1 (7,14%) van die respondente voltyds met 'n nagraadse studie besig.

Vyf (35.71%) van die respondente stel nie in verdere opleiding belang nie. Hulle beklee reeds goeie poste met 'n goeie inkomste.

Nege (64,29%) van die respondente beskik oor 'n uittree-annuïteit.

## 7.4 DIE EGSKEIDINGSPROSES

### 7.4.1 Die huweliksverhouding van die eie ouers en skoonouers

Op 'n vraag aan respondente of hul eie ouers gelukkig getroud was, het 10 (71,43%) bevestigend geantwoord. Agt (57,14%) van die respondente se skoonouers was gelukkig getroud.

Drie (21,43%) van die 4 respondente wie se eie ouers se huwelike ongelukkig was, het hul ouers se ongelukkige huwelike as 'n rede aangedui, waarom hul eie huwelike misluk het.

### 7.4.2 Vernaamste redes vir die mislukking van die huwelike

Die ondersoeker wou bepaal wat die vernaamste redes was vir die mislukking van die huwelike. Die redes wat deur die respondente gegee is, word in Tabel 8 weergegee.

**Tabel 8: Redes vir egskeiding**

| REDES | N | % |
|---|---|---|
| Emosionele teistering en aftakeling | 9 | 15,52 |
| Buite-egtelike verhouding (eggenoot) | 7 | 12,07 |
| Alkoholmisbruik | 6 | 10,34 |
| Voortdurende afwesigheid van eggenoot | 6 | 10,34 |
| Finansiële probleme | 5 | 8,62 |
| Fisiese geweld | 4 | 6,90 |
| Het haar in haar eie beroep uitgeleef | 4 | 6,90 |
| Seksuele kilheid | 4 | 6,90 |
| Verbale geweld en aftakeling | 3 | 5,17 |
| Psigiese afwykings by eggenoot | 3 | 5,17 |
| Eggenoot was te betrokke by sy werk | 3 | 5,17 |
| Was nie genoeg by eggenoot se beroep betrokke | 3 | 5,17 |
| Buite-egtelike verhouding (self – vrou) | 1 | 1,73 |
| **TOTAAL** | **58** | **100,00** |

Respondente is gevra om redes te verskaf waarom hulle dink hulle huwelike misluk het. Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat emosionele teistering en aftakeling by die grootste aantal respondente naamlik 9 (15,52%) voorgekom het. Buite-egtelike verhoudings van die eggenoot was die tweede hoofrede by 7 (12,07%) van die respondente. Aspekte soos alkoholmisbruik en die voortdurende afwesigheid van eggenotes het by 12 (20,68%) van die respondente voorgekom. Slegs 1 (1,73%) respondent het haar eie buite-egtelike verhouding as rede aangevoer.

Ernstige huweliksonenigheid gedurende die tydperk toe die kinders klein was, het in 6 (42,86%) van die gevalle gelei tot egskeiding, eers toe die kinders in hul tienerfase was.

Drie (21,43%) van die respondente het aangedui dat hulle tydens hul huwelike aangetrokke tot 'n derde persoon was en 2 (14,29%) van die respondente was betrokke by 'n buite-egtelike verhouding. Slegs 1 (7,14%) van laasgenoemde twee respondente se eggenoot was bewus van die buite-egtelike verhouding.

### 7.4.3 Die waarneming van 'n "keerpunt" in die egskeidingsproses

Nege (64,29%) van die respondente het aangedui dat daar 'n duidelike "keerpunt" was wat 'n einde gebring het aan hulle onsekerheid en hulle finaal laat besluit het om te skei. Die aanduidings was volgens hulle die volgende:

- "Hy het die verband op die gesinshuis, wat feitlik afbetaal was, na R900 000 verhoog en het nie rekenskap gegee van wat hy met die geld gedoen het nie. Ek het besef dat die huis nou die bank s'n was en ek nie verder rede gehad het om daar te bly nie."
- "My dogter het na haar pa se kantoor gegaan en hom daar betrap met 'n ander vrou."
- "My man was die sekere aand baie gedrink en het my uit die huis uitgesluit. Ek het met 'n leer probeer om deur 'n venster op die eerste vloer in te klim. Hy het die leer omgestoot en ek het my te pletter op die sement geval. Ek was baie ernstig beseer."
- "Hy het 10 jaar voor ek hom geskei het vir my gesê dat hy nooit vir my omgegee het nie, maar slegs met my getrou het vir die gerief. Van daardie oomblik af het ek beplan en voorberei om hom te skei as die jongste kind in matriek is."
- "Ek is deur die bure se hond aangeval. My man het toegekyk maar hy het my nie te hulp gesnel nie."

- "Ek het besef dat hy dieselfde tipe persoon as sy pa is en was bevrees dat ek later dieselfde soort lewe as my skoonma sou moes lei."
- "My seun het sy eerste jaar gedruip en sy pa het hom vir vier weke geïgnoreer."
- "Nadat ek vir 30 jaar geglo het dat ek 'n gelukkige huweliksverhouding het, het 'n boemelaar in die straat 'n servet in my hand gedruk. Geskrywe op die servet was die inligting dat my man reeds die afgelope 9 jaar 'n verhouding met 'n ander vrou het."

Op 'n vraag of respondente se familie hulle ondersteun het met die besluit om met 'n egskeiding voort te gaan, het 10 (71,43%) bevestigend geantwoord. Tien (71,43%) van die respondente se families het hulle dan ook tydens die egskeidingsproses ondersteun. Die respondente het ook van ander persone ondersteuning ontvang soos uiteengesit in Tabel 9.

**Tabel 9: Ondersteuning verkry van ander**

| PERSOON | N | % |
|---|---|---|
| Vriende | 12 | 63,16 |
| Bure | 1 | 5,26 |
| Kerklidmate | 2 | 10,53 |
| Kollegas | 4 | 21,05 |
| **TOTAAL** | **19** | **100,00** |

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat respondente hoofsaaklik hulle ondersteuning van vriende 12 (63,16%) gekry het. Vier (21,05%) van die respondente het hulle ondersteuning van kollegas gekry, 2 (10,53%) van kerklidmate en slegs 1 (7,14%) van bure.

### 7.4.4 Die voorkoms van depressie en selfmoordgedagtes tydens die egskeiding

Depressie waarvoor behandeling ontvang is, het by 11 (78,57%) van die respondente tydens die egskeidingsproses voorgekom. Vier (36,36%) van die elf respondente se depressie was, voor die egskeiding gefinaliseer is, die ergste en 7 (63,64%) se depressie was na die egskeiding erger. Sewe (50%) van die respondente het selfmoordgedagtes gekoester as gevolg van die depressie wat hulle ervaar het.

Die respondente wie se depressie voor die egskeiding erger was, het die stelling gemaak dat hulle na die egskeiding 'n oorweldigende gevoel van vrede en vryheid ervaar het.

Respondente wie se depressie erger na die egskeiding was, het die volgende redes vir hulle depressie gegee:

- Die oorweldigende druk van finansiële probleme en verantwoordelikhede.
- Skuldgevoelens oor die egskeiding.
- Onsekerheid of die regte besluit geneem is.
- Is nog lief vir die gewese eggenoot.

### 7.4.5 Professionele hulp en die voorkeur van verskillende dissiplines

Elf (78,57%) respondente het professionele hulp met die hantering van probleme tydens die egskeidingsproses ontvang. Professionele persone van wie hulle hulp ontvang het, word in Tabel 10 uiteengesit.

**Tabel 10: Professionele hulp ontvang**

| PERSOON | N | % |
|---|---|---|
| Predikant | 1 | 5,26 |
| Sielkundige | 3 | 15,79 |
| Maatskaplike werker | 1 | 5,26 |
| Huweliksberader | 1 | 5,26 |
| Pastorale berader | 2 | 10,53 |
| Prokureur | 9 | 47,37 |
| Psigiater | 2 | 10,53 |
| **TOTAAL** | **19** | **100,00** |

Nege (47,37%) van die respondente het regshulp ontvang, en 5 (26,32%) respondente is na 'n sielkundige of 'n psigiater. Slegs 1 (5,26%) het hulle na 'n maatskaplike werker vir hulpverlening gewend.

Tien (71,43%) van die respondente het aangedui dat hulle professionele hulpverlening tydens die egskeidingsproses as belangrik beskou. Professionele persone van wie hulle hulp sou wou ontvang, word in Tabel 11 uiteengesit.

**Tabel 11: Voorkeure vir professionele hulpverlening**

| PERSOON | N | % |
|---|---|---|
| Predikant | 1 | 7,69 |
| Sielkundige | 3 | 23,08 |
| Maatskaplike werker | 1 | 7,69 |
| Huweliksberader | 1 | 7,69 |
| Pastorale berader | 5 | 38,46 |
| Prokureur | 0 | 0 |
| Psigiater met Christelike norme en waardes | 2 | 15,39 |
| **TOTAAL** | **13** | **100,00** |

Uit hierdie gegewens is dit opvallend dat geen respondent hulp van die prokureur wou ontvang nie. Die pastorale berader is deur 5 (38,46%) van die respondente as geskik beskou om hulpverlening aan hulle te bied.

### 7.4.6 Geestelike belewing tydens die egskeidingsproses

In hierdie ondersoek is 'n vraag aan die respondente gevra om die mate waartoe geestelike belewing en 'n verhouding met God hulle deur die egskeidingskrisis gedra het, te bepaal.

Agt (57,14%) van die respondente het aangedui dat dit 'n groot rol in hul lewe gespeel het. Hulle het op die volgende gewys:

- "Het nader aan God gekom."
- "Was eers baie snobisties. Het nader aan die Here gekom en geleer om nederig te wees."

- “Het nou eers waarlik tot bekering gekom en besef dat die lewe ’n doel het. Wat God wegvat, sal Hy in veelvoud teruggee.”

- “Het ’n vaste vertroue in Sy hulp en leiding.”

- “Besef ons is met ’n rede in die 'storm'."

Vir 1 (7,14%) respondent het die geestelike belewing ’n geringe rol gespeel. Sy het daarop gewys dat sy eers na die egskeiding intense dankbaarheid teenoor God beleef het.

Vir 5 (35,72%) van die respondente het die geestelike belewing geen rol gespeel nie. Hulle het die volgende stellings gemaak:

- God het nie gebede beantwoord nie.

- Toe God nie haar huweliksverhouding red nie, het sy die verhouding met Hom ook verbreek.

- Ervaar nie warmte en aanvaarding tussen kerkmense nie.

- Predikante en pastore stel hulle teleur. Hulle is veroordelend.

- Ervaar skuldgevoelens.

### 7.4.7 Lewenslesse geleer uit die egskeidingsproses

Op ’n vraag aan die respondente oor wat hulle anders sou doen, indien hulle die egskeidingsproses weer moes deurloop, is die volgende response ontvang:

- Twee (14,29%) van die respondente sou vir berading gegaan het.

- Ses (42,86%) respondente sou beter prokureurs en meer aanvaarbare regsprosedures wou hê.

- Vier (28,56%) van die respondente sou nie geskei het nie.

- Twee (14,29%) van die respondente sou niks anders wou hê nie.

Volgens die respondente het hulle die volgende lewenslesse geleer:

- Wees meer verdraagsaam teenoor ander en moet nie maklik veroordeel nie.
- Moenie probeer om 'n ander persoon te verander nie - aanvaar hom soos hy is.
- Moet jouself nooit verloor in 'n verhouding nie - behou altyd jou eie identiteit en ontdek voortdurend meer fasette van jouself.
- Sien die "klein jakkalsies" betyds raak in 'n verhouding, en wees daarop voorbereid dat hulle nie gaan verdwyn nie.
- Omstandighede kan uiters sleg wees, maar jy kom altyd daardeur.
- Dit is nie nodig om mense (met verwysing na kinders wat by hul vader woon) fisies by jou te hê om te weet hulle is lief vir jou nie.
- Vergewe en spreek vry - moet nie kwaad met kwaad vergeld nie.
- Mense in 'n soortgelyke posisie het jou hulp en ondersteuning nodig.
- Persoonlike vryheid is 'n reg - geniet dit.
- Wedersydse vertroue en begrip is belangrik.
- Geluk verdwyn as geld belangrik word.
- Sluit die verlede af, onthou die goeie - daar kan 'n wonderlike lewe na die egskeiding wees. Betree die "nuwe seisoen" met verwagting.
- Ander se menings en lewenstyl kan ook reg en wonderlik wees al verskil dit van myne.
- Geluk is 'n keuse - dit is vir jou om te besluit wat jy in 'n bepaalde situasie wil wees: Gelukkig of depressief?

- Behou ten alle koste jou selfrespek.
- Niks is kosbaarder as persoonlike vryheid nie.
- Elke vrou is verantwoordelik vir haar eie "pot" (situasie).
- Deurleef en verwerk die egskeidingsproses geskoei op die geestelike beginsels van belydenis, vergifnis en God se voorsienigheid.

### 7.4.8 Ander verhoudinge na die egskeiding

Elf (78,57%) van die respondente is tans in 'n ander verhouding betrokke of getroud. Agt (72,73%) van die respondente is ongelukkig in hierdie verhouding en slegs 3 (27,27%) is gelukkig.

Respondente se ervarings van ander verhoudings is die volgende:

- "Die tweede huwelik moet 'n baie nugtere besluit wees - met alle praktiese implikasies deeglik deurgetrap".
- "Tree geestelik volwasse op. Liefde is nie 'n gevoel op die maag of 'n 'spark' nie, maar die praktiese uitleef van die liefdesbeginsels soos in 1 Korintiërs 13 omskryf".
- "Ek het die ander persoon lief juis omdat hy is wie hy is, en nie omdat ek hom gaan verander in wie ek wil hê hy moet wees nie".
- "Wees aanpasbaar en buigsaam".
- "Vriendskap en kameraadskap is die hoeksteen vir 'n goeie huweliksverhouding".
- "Baie vroue vind soveel vrede en geluk in hulself dat hulle dikwels nie die behoefte het aan 'n tweede huwelik nie".

## 8. BESPREKING

Elke egpaar wat die huwelik betree, doen dit dikwels met die onrealistiese verwagting dat daardie huwelik nooit sal ontbind nie. Navorsers het ook tradisioneel na egskeiding verwys uit 'n afwykingsperspektief, maar tans word dit al hoe meer as 'n weg in die normale lewensiklus beskou (Anderson & Sabatelli, 1999:284).

Hierdie ondersoek het getoon dat egskeiding 'n realiteit ook vir die vrou in die hoër inkomstegroep is. Vroue steun dikwels op hul eggenoot se beroep, inkomste, en beplanning vir aftrede. Inkomste deur die vrou verdien, word in die gesamentlike boedel gestort. Emosioneel is sy van haar eggenoot afhanklik vir haar persoonlike geluk. Geestelik is sy dikwels arm en onkundig. Die egskeiding wat later volg, laat haar ontnugter en finansieel ontoereikend agter (Bird & Melville,1994:386-387).

Die steekproef soos aangedui het in hierdie ondersoek bestaan uit 14 geskeide blanke vroue wat volgens die sneeeubalmetode (De Vos et al., 1998) geselekteer is. Die grootste aantal respondente, naamlik 12 (85,72%), is reeds 40 jaar en ouer. Agt (57,13%) huwelike is na 20 jaar beëindig. Hierdie gegewens stem ooreen met die siening van Benokraitis (1996:460) dat egpare wie se kinders ouer is 'n kleiner dryfveer het om getroud te bly en dan makliker skei.

Ondersoek is ingestel na die kerkverband van die respondente. Die grootste persentasie (64,29%) respondente is lidmate van die drie susterkerke. Dit verifieer die bevindinge van navorsing deur Rokeach (1986:41) gedoen dat ten spyte van die feit dat vir diegene met sterk godsdienstige beginsels die huwelik 'n verbond voor God is, die egskeidingsyfer onder Protestant-gereformeerde egpare hoër as onder nie-gereformeerdes is.

Tien (72,43%) van die respondente het verdere akademiese opleiding na matriek gehad en beoefen ook tans 'n voltydse beroep. Alhoewel die vrou se hoër onderrig die moontlikheid van egskeiding vroeër in die huwelik verminder, mag dit die moontlikheid later in die huwelik verhoog, omdat mans soms minderwaardig teenoor hulle vroue voel.

Volgens Zastro en Kirst-Ashman (1994:511) kom egskeiding dikwels voor by vroue met 'n hoër opleidingskwalifikasie as die man.

Die gemiddelde ouderdom van die vroue tydens huweliksluiting was 22 jaar en die van die mans 23 jaar. As rede vir die huweliksluiting het elf (78,53%) respondente aangedui dat hulle om die regte redes getroud is, naamlik dat hulle belangrike aspekte oorweeg het en gevoel het dat dit die regte huweliksmaat vir hulle was. Strong *et al.* (1998:494) wys daarop dat die ouderdom van egpare nie 'n wesentlike rol speel by huwelike wat gesluit word waar die man 26 jaar en ouer en die vrou 23 jaar en ouer is nie. Egskeiding kom meer by huwelike van adolessente voor.

Die respondente was gemiddeld twee jaar getroud met die geboorte van die eerste kind. Tydens egskeiding was ses (42,86%) respondente se kinders reeds onafhanklik. Hierdie gegewens sluit aan by Zastro en Kirst-Ashman (1994: 511) se siening dat 'n toename in egskeidings dikwels voorkom kort nadat die kinders die huis verlaat het.

Sewe (50%) respondente verdien 'n eie inkomste van R60,000 en minder per jaar. Agt (57,13%) kry geen onderhoud nie, terwyl vier (28,57%) R60 000 en minder onderhoud per jaar kry. Dit is duidelik dat die vroue wat tydens hul huwelike in die hoër inkomstegroep geval het, se finansiële posisie na die egskeiding drasties verlaag het. Hierdie vroue moes dus hulle lewenstandaard verlaag en ondervind dan finansiële probleme na hul egskeiding. Bird en Melville (1994:387) wys dan ook daarop dat dit hierdie vroue is wat dikwels die grootste aanpassings op finansiële gebied moet maak. Die verlies aan voldoende finansiële middele is volgens Van Staden (1991:162) dikwels vir die vrou 'n groter probleem as vir die man.

Die grootste persentasie respondente, naamlik 11 (78,75%) het geen voorbereiding vir die huwelik gehad nie. Alhoewel 10 (71,43%) huweliksverrykingskursusse bygewoon het, het hul huweliksverhouding nie daarby gebaat nie, omdat hul mans dit nie saam met hulle wou bywoon nie.

Agt (57,14%) van die respondente het huweliksberading ontvang. Ses (37,50%) respondente het hoofsaaklik berading by sielkundiges ontvang, 3 (18,75%) respon-

dente by predikante en 4 (25,00%) respondente by pastorale beraders. Slegs 1 (12,5%) het 'n maatskaplike werker as berader genader.

In hierdie ondersoek het slegs een van die agt respondente wat vir berading gegaan het, baat gevind by die professionele berading. Sewe (87,5%) van die respondente was baie teleurgestel in die aard van die berading. Volgens hulle was die berading stereotiep, oppervlakkig en met geen geestelike diepte nie. Daar is nie by die kern van die probleem uitgekom nie. Predikante is as selfgeregtig en veroordelend beleef. Dit het in hierdie ondersoek geblyk dat maatskaplike werkers bykans geen rol ten opsigte van hulpverlening gespeel het nie, terwyl die maatskaplike werker oor voldoende kennis en vaardighede beskik om wel 'n vername rol ten opsigte van hulpverlening te kan speel (Delport, 2001:135).

Die maatskaplike werker behoort ten volle toegerus te wees om hierdie egskeidingsberading te kan doen, ook in samewerking met regsgeleerdes en sielkundiges. Die doel sal wees om in vennootskap met die vrou te tree ten einde haar maatskaplike funksionering in wisselwerking met ander samelewingsisteme te verbeter en persoonlike sterktes en kragte te ontwikkel ten einde onafhanklikheid op verskillende terreine te stimuleer.

Finansiële onafhanklikheid tydens die huwelik asook na die egskeiding is 'n belangrike aspek wat in berekening gebring moet word. In hierdie ondersoek het 10 (71,43%) respondente 'n huweliksvoorwaardekontrak gehad. Dit was egter die norm van daardie tydperk en die inhoud is nie as baie belangrik beskou nie. Die egpare was volgens die respondente toe "in elk geval nie van plan om te skei nie".

Twaalf (85,71%) van die respondente het vir 'n gemiddelde tydperk van elf jaar tydens hul huwelike gewerk. Sewe (50%) pare het tydens hul huwelik afsonderlike bankrekenings gehad, maar slegs een (7,14%) respondent het die rekening gebruik om te spaar ter voorsiening vir die toekoms. Geld en inkomste is aangewend om die gesamentlike boedel te versterk en kinders te versorg. Hierdie ondersoek het daarop gewys dat dit uiters noodsaaklik vir die vrou is om tydens die huwelik toe te sien dat op

finansiële gebied sy oor haar eie fondse sal beskik. Voorsiening moet vir onvoorsiene omstandighede gemaak word soos 'n egskeiding.

Van die dertien moontlike redes vir egskeiding wat in hierdie studie ondersoek is, was emosionele teistering en aftakeling 9 (15,52%), die buite-egtelike verhouding van die eggenoot 7 (12,07%), alkoholmisbruik 6 (10,34%), die voortdurende afwesigheid van die eggenoot 6 (10,34%) en finansiële probleme 5 (8,62%) as die belangrikste oorsake van egskeiding aangedui. Dit stem ooreen met Patterson en Kim (1991) se bevindinge dat buite-egtelike verhoudings en emosionele teistering twee van die hoofredes vir egskeiding is (Benokraitis, 1996:462). Buite-egtelike verhoudings het slegs by 1 (14,25%) van die respondente voorgekom wat as oorsaak van die egskeiding gedien het.

Nege (64,29%) van die respondente het aangedui dat daar 'n duidelike "keerpunt" was wat 'n einde gebring het aan onsekerheid en die besluit om te skei gefinaliseer het. Vera (1993:6) neem waar dat vroue 'n definitiewe gebeurtenis noem wat as draaipunt gedien het "in their disengagement from their marital partners".

Die ondersteuning wat persone tydens en na hul egskeiding van ander ontvang, is van kardinale belang (Venter *et al.*, 1995:106). Tien (71,43%) van die respondente se familie het hulle ondersteun in hul besluit om te skei. Gedurende die egskeidingsproses het 12 (63,16%) van die respondente hoofsaaklik ondersteuning van vriende gekry en tot 'n geringe mate van bure, kerklidmate en kollegas.

Depressie het by 11 (78,57%) van die respondente tydens die egskeidingsproses voorgekom, en by 7 (63,64%) was dit erger na die egskeiding. Dit is veroorsaak deur oorweldigende verantwoordelikhede, skuldgevoelens en onsekerheid. Hierdie gegewens stem ooreen met Delport (2001:57) se siening dat depressie 'n natuurlike emosie is wat by enkelouers ervaar word.

Nege (47,37%) respondente het die dienste van 'n prokureur gebruik. Ses (42,86%) het hul ontevredenheid met die dienste uitgespreek deur te sê dat hulle beter prokureurs en 'n meer aanvaarbare regsprosedure sou wou hê. Die keuse van 'n geskikte prosedure

vir 'n egskeiding is noodsaaklik. In hierdie verband beweer Gold (1992:256) die volgende: "In choosing an attorney, think about the expertise you feel your situation requires and what you see as your personal needs for guidance or counsel." Joseph Steinberg (1976:617), 'n egskeidingsprokureur, het die terapeutiese potensiaal van die egskeidingsproses ondersoek en begin toepas. Hy het beklemtoon dat beide regskennis en terapeutiese insig nodig is om aan die kliënt 'n bevredigende diens te lewer. Prokureurs en maatskaplike werkers kan dus met groot sukses in spanverband saamwerk.

Die respondente wat reeds voor die egskeiding 'n goeie verhouding met God gehad het, het die egskeiding as 'n leerproses deurloop. Selfondersoek is gedoen, en 'n nuwe lewensfase is begin, gebou op lewenslesse wat geleer is en persoonlike sterktes wat ontwikkel is. Diegene wat nie 'n sterk geestelike grondslag gehad het nie, het die verwerping, selfbejammering en verwyte moeilik hanteer. Hulle is nie in staat om suksesvol om te gaan met die probleme van die verlede nie.

Lewenslesse wat geleer is, dui op persoonlike groei en die ontwikkeling van 'n eie identiteit, hoop vir die toekoms, en 'n groter verdraagsaamheid teenoor, en aanvaarding van die medemens. Persoonlike vryheid word hoog geag.

## 9. GEVOLGTREKKING

- Die huweliksverhouding is 'n ernstige en langtermyn ooreenkoms wat aangegaan moet word deur twee volwasse persone wat hul aanpasbaarheid logies en realisties beredeneer het.

- Selfs tydens die huwelik behoort die vrou te groei en te ontwikkel as 'n indiwidu. Dit is belangrik dat sy geluk sal vind, nie deur te fokus slegs op die huweliksverhouding nie, maar eerder gerig op haar rol en roeping in die groter samelewingsisteem waarvan die huwelik- en die gesinslewe een faset is. So 'n vrou sal egskeiding nie as die einde van haar bestaan beskou nie, maar as 'n leerproses om haar beter toe te rus vir die lewe.

- Vroue in die hoër inkomstegroep is nie fisies, emosioneel, finansieël en geestelik voorbereid op die praktiese implikasies van egskeiding nie.

- Tydens egskeiding word vroue in die hoër inkomstegroep hoofsaaklik ondersteun deur vriende, en familie. Bure, kerklidmate en kollegas het hierdie vroue in 'n geringe mate ondersteun.

- Vrees vir stigmatisering verhinder hierdie vroue om op 'n vroeë stadium, terwyl huweliksonenigheid nog gering is, professionele hulp te verkry.

- Emosionele teistering en buite-egtelike verhoudings van die eggenoot word as die vernaamste redes aangevoer waarom persone skei.

- Depressie word deur 11 (78,57%) van vroue tydens die egskeidingsproses ervaar. Selfmoordgedagtes het by 7 (50%) van die vroue voorgekom.

- Op godsdienstige gebied het verdieping ten opsigte van die vroue se geloof by 57,14% plaasgevind.

- Egskeidingsprokureurs, met wie die vroue dikwels eerste in kontak kom, is nie terapeuties ingestel nie, en het nie die tyd of die belangstelling om vroue by te staan met hulle emosionele krisis nie. Die eindresultaat van die egskeidingsgeding is dikwels teleurstellend en ontnugterend.

- Diegene wat later vir berading gegaan het, het die dienste van die sielkundiges ontoereikend gevind. Pastorale beraders is gunstig oorweeg, maar predikante en kerklikdmate is as veroordelend beleef.

- Maatskaplike werkers het feitlik geen rol gespeel nie. Uit die onderhoude wat met die respondente gevoer is, was dit duidelik dat kennis van, en vertroue in huweliksvoorbereiding en -berading gering was.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat in die hele oorkoepelende proses, vanaf voorbereiding van die jong volwassene vir die huwelik tot egskeidingsberading,

daar groot en ernstige leemtes in die professionele hulpverlening van verskillende dissiplines, maar veral die maatskaplike werker, bestaan. Maatskaplikewerk-dienste is nie aan hierdie groep persone bekend nie.

## 10. RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING

- Meer as ooit word die wetenskaplikheid en professionaliteit van Maatskaplike Werk as 'n professie beproef. Op die terrein van die hulpwetenskappe en in besonder Maatskaplike Werk, moet wegbeweeg word van verouderde bevindinge oor die huwelik en egskeiding. Daar is 'n groot behoefte aan nuwe navorsingsbevindinge wat kan deel met veranderde omstandighede.

- Spesialisering in egskeidingsberading teenoor huweliksberading behoort in kliniese maatskaplike werk uit te kristalliseer. Groepwerk leen hom veral tot die opvoedings-, voorkomings-, en ondersteuningsverantwoordelikhede van die maatskaplike werker.

- Hantering van egskeidings in spanverband deur prokureurs en maatskaplike werkers kan aan die vrou in die hoër inkomstegroep baie meer bevredigende en suksesvolle uitkomste van die egskeidingsgeding lewer.

- Vir te lank was Maatskaplike Werk 'n "minderwaardige beroep" wat slegs die ondergemiddelde tot gemiddelde groep vroue in die samelewing gratis bedien het. Die maatskaplike bemarkingsmodel kan met vrug aangewend word om die beroep, maar ook die waarde en noodsaaklikheid van professionele egskeidingsberading vir vroue bekend te stel.

- Maatskaplike werkers asook maatskaplike werkers in die privaat praktyk moet hulle dienste by die vrou in die hoër inkomstegroep aggressief bemark. Vanweë hulle kennis en vaardighede is hulle daartoe in staat om hierdie vroue deur die hele egskeidingsproses saam met die prokureur in spanverband, te begelei.

- Gemeenskapsopvoeding is noodsaaklik om vroue van alle ouderdomme voor te berei en in te lig oor selfontwikkeling, die belangrikheid van voorbereiding vir onafhanklikheid en die realiteite van egskeiding.

- Dit is belangrik dat vroue sal verstaan en glo dat egskeiding, nes die dood, nie die einde is nie, maar slegs die begin van 'n nuwe lewenseisoen.

## 11. AANBEVELINGS

- Egskeiding is 'n realiteit. Dit moet nie meer beskou word as afwykend en patologies nie, maar as 'n alternatiewe lewensweg in die samelewing van hierdie eeu.

- Samelewingsisteme soos die gesin, skole, kerke en universiteite moet jong indiwidue help om te groei en te ontwikkel tot hulle volle potensiaal, toegerus met 'n eie identiteit en die vermoë om lewenskrisisse aan te durf met die wete dat dit deel van die leerproses is.

- Deeglike aandag moet deur instellings soos die kerk gegee word aan huweliksvoorligting, huweliksverryking, asook ondersteuning tydens die egskeidingsproses.

- Dit moet as vereiste gestel word dat beide partye betyds, terwyl albei nog bereid is om aan die huwelik te werk, vir huweliksberaad gaan indien hulle besluit om te skei.

- Egskeidingsberaad deur opgeleide beraders soos maatskaplike werkers moet as vereiste gestel word tydens die egskeidingsproses.

- Vroue moet toesien dat hulle tydens die huwelik nie volkome van die man afhanklik is wat veral hul funksionering op finansiële gebied aanbetref nie.

- Maatskaplike werkers moet hul dienste veral ook by die vrou in die hoër inkomstegroep aggressief bemark.

- Navorsing oor die behoeftes van die vrou in die hoër inkomstegroep tydens die egskeidingsproses is noodsaaklik.

## 12. SAMEVATTING

Uit hierdie navorsingsprojek blyk dit dat vroue in die hoër inkomstegroep dikwels die egskeidingsproses deurloop sonder die hulp van 'n professionele persoon, en in besonder 'n maatskaplike werker.

Alhoewel die vroue goeie akademiese opleiding gehad het, emosioneel volwasse was met huweliksluiting, en vir geruime tye tydens die huwelik 'n eie inkomste verdien het, was hulle in baie opsigte nie voorbereid vir die ernstige gevolge van egskeiding nie.

Instellings soos die kerk, die ouerhuis en selfs skole en universiteite het gefaal in hul verantwoordelikheid om voornemende huwelikspaartjies voor te berei vir die huwelik. Romantiek het hoogty gevier bo realiteit en nugtere denke en oorweging.

Die vroue het hul eggenoot ondersteun in die uitlewing van hul beroepe, geld verdien en dit in die gesamentlike boedel gestort en kinders versorg en opgevoed. Dit sou van haar die ideale vrou en moeder gemaak het, as dit nie was vir 'n gebroke werklikheid wat haar weerloos en onbeskermd gelaat het nie.

Ten einde die nodige agting vir en aanvraag van die dienste van 'n maatskaplike werker by vroue in die hoër inkomstegroep te kweek, moet die dienste bemark word, nadat deeglike wetenskaplike kennis en insig oor die bepaalde terrein verkry is, verouderde en geykte beskouings en tegnieke afgelê is en nuwe modelle, spesifiek gerig op die egskeidingsproses, ontwikkel is wat effektief toegepas kan word.

## 12. BRONNELYS


ANDERSON, S.A. & SABATELLI, R.M. 1999. Family Interaction. London : Allyn and Bacon.

BENOKRAITIS, N.V. 1996. Marriages and Families. Changes, choices and constrains. New Jersey : Prentice-Hall.

BERGH, A. 1998. Maatskaplikewerkdienslewering aan kinders van geskeide ouers. Die taak van Kinder- en Gesinsorgorganisasies te Potchefstroom. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling-MA (MW).)

BIRD, G. & MELVILLE, K. 1994. Families an intemate relationships. New York : McGraw-Hill.

CRONJE, G.M. 1997. Die ontwikkeling en evaluering van psigologiese ondersteuningsprogramme vir kinders uit egskedingsgesinne. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - MA.)

DELPORT, J. 2001. 'n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram vir ouers en kinders geraak deur egskeiding. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling-MA(MW).)

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B., POGGENPOEL, M. & SCHURINCK, E.W. 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik.

GOLD, L. 1992. Between love and hate. A guide to civilezed divorce. New York : Plenum Press.

HUYSAMEN, C.K. 1993. Metodologie in die sosiale en gedragswetenskappe. Pretoria: Sigma Pers.

JONKER, I. 1998. Egskeidings neem steeds landwyd skerp toe. Beeld:30, Junie. 14.

KLEINKE, C.L. 1998. Coping with life challenges. Pacific Grove : Brooks/Cole.

KRISNAN, V. 1994. The impact of wives employment on attitude toward divorce. *Journal of divorce*, 22(1/2):19-25.

LUDY, P.D. 1993. Practical research: planning and design. New York: Macmillan Publishing Company.

MURRAY, C.D. & Sixsmith, J. 1998. E-mail: a qualitative research medium for interviewing. Social research methodology: theory and practice, 1(2): 103-121, Apr.-Jun.

ROKEACH, M. 1986. Beliefs, attitudes and values. San Fransisco : Jersey-Bass.

SILVERMAN, L. 1989. The middle-aged adult's experience of parental divorce. Doctoral Dissertation. UMI Dissertation Information Service.

STACEY, J. 1996. In the name of the family: Rethinking family values in the postmodern age. Boston : Beacon Press.

STEINBERG, J.L. 1976. The therapeutic potential of the divorce process. *American Bar Association Journal*, 62:612-618, May .

STRONG, B., DE VAULT, C.S. & SAYAD, B.W. 1998. The marriage and family experience. London : Wadsworth Publicity Company.

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2002. Maatskaplikewerk-navorsing: teorie en praktyk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Studiegids MWKM 876).

VAN STADEN, S.M. 1987. My huwelik het misluk. Kaapstad : Burgess-Uitgewers.

VAN STADEN, S.M. 1991. Om heel te word: huweliks- en egskeidingsberaad vanuit gesinsperspektief. Pretoria : Haum-De jager.

VENTER, C.A., VAN DER BERG, A.N., VAN DER MERWE, H.J. & VAN RENSBURG, E. 1995. Psychological approach to vhild custody and access disputes. *Die Maatskaplike Werk- Navorser Praktisyn*, 8(2): 106-115, Okt.

VERA, M.I. 1993. Group therapy with divorced persons: Empirically evaluation of Social Work practice. *Research on Social Work Practice*, 3(1):3-20.

ZASTROW, C. & KIRST-ASHMAN, K.K. 1994. Understanding human behaviour and the social environment. Chicago : Nelson-Hall.

# BYLAAG 1

## VRAELYS: RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE VROU IN DIE HOËR INKOMSTEGROEP TYDENS DIE EGSKEIDINGSPROSES

Geagte Respondent

Hierdie vraelys moet anoniem voltooi word. Merk asseblief met 'n kruisie waar van toepassing en voltooi alle vrae na die beste van u vermoë.

### AFDELING 1: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Geslag | Manlik | | |
| | | Vroulik | | |
| 2. | Bevolkingsgroep | Blank | | |
| | | Kleurling | | |
| | | Swart | | |
| | | Asiër | | |
| 3. | Kerkverband | | | |
| | | | | |
| 4. | Ouderdom | Jonger as 20 | | |
| | | 20 – 29 | | |
| | | 30 – 39 | | |
| | | 40 – 49 | | |
| | | 50 – 59 | | |
| | | 60 en ouer | | |
| 5. | Akademiese kwalifikasie (dui u hoogste kwalifikasie aan) | | | |
| | | | | |
| 6. | U beroep | | | |
| | | | | |
| 7. | Inkomstegroep (eie verdienste per jaar) | R0 – R30 000 | | |
| | | R31 000 – R60 000 | | |
| | | R61 000 – R90 000 | | |
| | | R91 000 – R120 000 | | |
| | | Meer as R120 000 | | |
| 8. | Inkomstegroep (onderhoud per jaar) | R0 – R30 000 | | |
| | | R31 000 – R60 000 | | |
| | | R61 000 – R90 000 | | |
| | | R91 000 – R120 000 | | |
| | | Meer as R120 000 | | |
| 9. | Tipe woning | Huis | | |
| | | Woonstel | | |
| | | Meenthuis | | |
| | | Ander | | |
| 10. | Woning | Eiendom | | |
| | | Huur | | |
| 11. | U en u eggenoot se ouderdom tydens huweliksluiting | Uself | | |
| | | U eggenoot | | |
| 12. | Aantal jare getroud | | | |
| 13. | Hoe lank het u mekaar geken voor die huwelik (aantal jare) | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14. | Beroep van eggenoot | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| 15. | Huweliksjaar waarin die eerste kind gebore is | | | | | | |
| 16. | Dui die volgende ten opsigte van u kinders aan | | | | | | |
| | | Manlik/Vroulik | | Ouderdom | | Huidige skool/beroep | |
| | Kind 1 | | | | | | |
| | Kind 2 | | | | | | |
| | Kind 3 | | | | | | |
| | Kind 4 | | | | | | |
| | Kind 5 | | | | | | |
| | Kind 6 | | | | | | |
| 17. | By wie woon u kinders | | | | | | |
| | | Vader | | Moeder | | Onafhanklik | |
| | Kind 1 | | | | | | |
| | Kind 2 | | | | | | |
| | Kind 3 | | | | | | |
| | Kind 4 | | | | | | |
| | Kind 5 | | | | | | |
| | Kind 6 | | | | | | |
| 18. | Kwalifikasie tydens huweliksluiting van eggenoot | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| 19. | Aantal jare wat u voor die huwelik 'n beroep beoefen het | | | | | | |
| 20. | U beroep tydens u huweliksjare | | | | | Professioneel | |
| | | | | | | Administratief | |
| | | | | | | Tegnies | |
| | | | | | | Tuisteskepper | |

## AFDELING 2: HUWELIKSVOORBEREIDING, -VERRYKING EN -BERADING

| | | | |
|---|---|---|---|
| 21. | Het u enige huweliksvoorbereiding voor u huwelik gehad? | Ja | |
| | | Nee | |
| 22. | Indien u antwoord nee is, dink u dit sou gehelp het om 'n egskeiding te voorkom? | Ja | |
| | | Nee | |
| 23. | Het u enige huweliksverrykingskursusse tydens u huwelik bygewoon? | Ja | |
| | | Nee | |
| 24. | Indien ja, watter vaardighede het u aangeleer? | | |
| | | | |
| | | | |
| 25. | Indien u nie so 'n kursus bygewoon het nie, dink u dat so 'n kursus sou gehelp het om 'n egskeiding te voorkom? | Ja | |
| | | Nee | |
| 26. | Het u enige huweliksberading voor egskeiding gehad? | Ja | |
| | | Nee | |
| 27. | Indien wel, van wie? | Predikant | |
| | | Sielkundige | |
| | | FAMSA | |
| | | Maatskaplike werker | |
| | | Pastorale berader | |
| | | Ander | |
| 28. | Watter waarde het hierdie beraad vir u gehad? | | |
| | | | |
| | | | |

## AFDELING 3: FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| 29. | Beplan u om u kwalifikasies na u egskeiding te verbeter? | Ja | |
| | | Nee | |
| 30. | Het u 'n huweliksvoorwaardekontrak? | Ja | |
| | | Nee | |
| 31. | Het u afsonderlike bankrekenings? | Ja | |
| | | Nee | |
| 32. | Het u 'n eie spaarrekening ter voorsiening vir die toekoms? | Ja | |
| | | Nee | |
| 33. | Watter van die volgende is in u naam? | Polis | |
| | | Uittreeannuïteit(e) | |
| | | Pensioen | |
| | | Ander | |

## AFDELING 4: EGSKEIDINGSPROSES

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 33. | Was u eie of u skoonouers gelukkig getroud? | Eie ouers | Ja | |
| | | | Nee | |
| | | Skoonouers | Ja | |
| | | | Nee | |
| 34. | Sou u die feit dat u eie ouers of skoonouers nie gelukkig getroud was as 'n rede aanvoer waarom u eie huwelik misluk het? | | Ja | |
| | | | Nee | |
| 35. | Motiveer u antwoord | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| 36. | Wat was die hoofrede(s) vir huweliksluiting (merk 1) | | | |
| 36.1 | Sal dalk nie ander man kry | | | |
| 36.2 | Onaangename huislike omstandighede | | | |
| 36.3 | Sterk seksuele aangetrokkenheid | | | |
| 36.4 | Het alle belangrike sake oorweeg en gevoel dat dit die regte huweliksmaat is | | | |
| 36.5 | Ander | | | |
| 37. | Wat was die hoofrede(s) vir die egskeiding? | | | |
| 37.1 | Buite-egtelike verhouding (self) | | | |
| 37.2 | Buite-egtelike verhouding (eggenoot) | | | |
| 37.3 | Finansiële probleme (misbruik/onoordeelkundige besteding) | | | |
| 37.4 | Emosionele teistering en aftakeling | | | |
| 37.5 | Fisiese geweld | | | |
| 37.6 | Verbale geweld en aftakeling | | | |
| 37.7 | Seksuele kilheid | | | |
| 37.8 | Voortdurende afwesigheid van eggenoot | | | |
| 37.9 | Alkoholmisbruik | | | |
| 37.10 | Psigiese afwykings by eggenoot | | | |
| 37.11 | Het my in my eie beroep uitgeleef | | | |
| 37.12 | Was nie genoeg by my eggenoot/e se beroep betrokke nie | | | |
| 37.13 | Eggenoot/e was te betrokke by sy werk | | | |
| 37.14 | Ander | | | |
| 38. | Was daar 'n "keerpunt" wat 'n einde gebring het aan u onsekerheid en u finaal laat besluit het om te skei? | | Ja | |
| | | | Nee | |
| 39. | Indien ja, wat was dit? | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 40. | In watter stadium van u huwelik het u en u eggenoot se huweliksonenigheid ernstig geword? | | | | |
| | | Uself | | Eggenoot | |
| | 40.1 Pas getroud | | | | |
| | 40.2 Kleinkinders | | | | |
| | 40.3 Tienerkinders | | | | |
| | 40.4 Leënestydperk | | | | |
| | 40.5 Aftreefase | | | | |
| | 40.6 Bejaardefase | | | | |
| 41. | In watter lewensfase was u en u eggenoot toe u geskei is? | | | | |
| | | Uself | | Eggenoot | |
| | 41.1 Pas getroud | | | | |
| | 41.2 Kleinkinders | | | | |
| | 41.3 Tienerkinders | | | | |
| | 41.4 Leënessindroomfase | | | | |
| | 41.5 Aftreefase | | | | |
| | 41.6 Bejaardefase | | | | |
| 42. | Was u tydens die huwelik ontrou of aangetrokke tot 'n derde persoon? | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| 43. | Indien wel, was u eggenoot bewus daarvan en hoe het hy gereageer? | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| 44. | Het u familie u ondersteun in u besluit om te skei? | | | Ja | |
| | | | | Nee | |
| 45. | Indien wel, wie het u ondersteun? | | | | |
| | 45.1 Ouers | | | | |
| | 45.2 Skoonouers | | | | |
| | 45.3 Broer/suster | | | | |
| | 45.4 Swaer/skoonsuster | | | | |
| | 45.5 Kinders | | | | |
| | 45.6 Ander | | | | |
| 46. | Het u enige ondersteuning tydens die egskeiding van u familie ontvang? | | | Ja | |
| | | | | Nee | |
| 47. | Indien wel, wie het u ondersteun? | | | | |
| | 47.1 Ouers | | | | |
| | 47.2 Skoonouers | | | | |
| | 47.3 Broer/suster | | | | |
| | 47.4 Swaer/skoonsuster | | | | |
| | 47.5 Kinders | | | | |
| | 47.6 Ander | | | | |
| 48. | Buiten u familie, van watter persone het u nog ondersteuning ontvang? | | | | |
| | 48.1 Vriende | | | | |
| | 48.2 Bure | | | | |
| | 48.3 Kerklidmate | | | | |
| | 48.4 Kollegas | | | | |
| | 48.5 Ander | | | | |
| 49. | Was u depressief tydens die egskeiding? | | | Ja | |
| | | | | Nee | |
| 50. | Indien ja, was dit erger voor of na skeiding plaasgevind het? | | | Voor | |
| | | | | Na | |
| 51. | Motiveer u antwoord | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| 52. | Het u ooit selfmoord oorweeg? | | | Ja | |
| | | | | Nee | |
| 53. | Motiveer u antwoord | | | | |
| | | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 54. | Het u enige professionele ondersteuning tydens die egskeidingsproses ontvang? | Ja | |
| | | Nee | |
| 55. | Indien wel, van wie het u dit ontvang? | | |
| | 55.1 Predikant | | |
| | 55.2 Sielkundige | | |
| | 55.3 Maatskaplike werker | | |
| | 55.4 Huweliksberader | | |
| | 55.5 Pastorale berader | | |
| | 55.6 Prokureur | | |
| | 55.7 Ander | | |
| 56. | Indien u nie hulpverlening ontvang het nie, sou u graag dit wou ontvang? | Ja | |
| | | Nee | |
| 57. | Indien wel, van watter professionele persoon sou u dit wou ontvang? | | |
| | 57.1 Predikant | | |
| | 57.2 Sielkundige | | |
| | 57.3 Maatskaplike werker | | |
| | 57.4 Huweliksberader | | |
| | 57.5 Pastorale berader | | |
| | 57.6 Prokureur | | |
| | 57.7 Ander | | |
| 58. | Hoe lank het u apart gewoon voordat u wettig geskei is? | | |
| 59. | In watter mate het u geestelike belewenis/verhouding met God u deur die egskeidingskrisis gedra? | Groot | |
| | | Geringe | |
| | | Geen | |
| 60. | Motiveer u antwoord | | |
| | | | |
| | | | |
| 61. | Wat sou u anders gedoen het as u die proses weer kon deurloop? | | |
| | | | |
| | | | |
| 62. | Watter lewenslesse het u geleer uit u egskeidingservaring? | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| 63. | Is u weer in 'n ander emstige verhouding betrokke of reeds weer getroud? | Ja | |
| | | Nee | |
| 64. | Indien wel, wat is u ervaring van hierdie verhouding? | | |
| | | | |
| | | | |
| 65. | Indien nie, wat is u mening rondom 'n moontlike ander verhouding? | | |
| | | | |
| | | | |
| 66. | Enige verdere opmerkings | | |
| | | | |
| | | | |

Baie dankie vir u moeite en samewerking.

**(Mev) Mari Meyer**
**MA(MW)-student**